

# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP 3 JULIE 2012 OM 14:00 IN DIE REEBOK GEMEENSAPSAL

### NOMMER 6/2012

#### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Die vergadering word met 'n gebed geopen deur George Nezar, waarna al die lede welkom geheet word. 'n Spesiale woord van dank aan Rozain Hansen as verteenwoordiger van die Munisipaliteit. Lavinia Lunow en Johann Muller as verteenwoordigers vir Fraaiuitsig en Reebok (onder spoor) word ook verwelkom.

#### 2. PRESENSIE

##### 2.1 Teenwoordig

George Nezar	Onder-voorsitter	Tergniethoogte
Buks Pieterse		Bewarea
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Pieter le Roux		Kleinbrak
Charl de Wet		Kleinbrak
Deon Hoon		Reebok
Johann Muller		Reebok (onder spoor)
Frik Nel		Reebokhoogte
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Des Muller		Riverside
Terrie Terblanche		Riverside
Dawid Erasmus		Tergniet
Anton Dellelijn		Tergniet
Mike Wray		Tergniethoogte
Dorothy Barnard	Sekretaris en Tesourier	

##### 2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kallie Smit	Raadslid – Wyk 4
Raadslid Gibo Gerber	Raadslid – Wyk 5
William Olivier	Bestuurder: Netwerkdienste
Nico de Bruyn	Superintendent: Elektries
Rozain Hansen	Munisipaliteit

##### 2.3 Afwesig met verskoning

Leon Kruger		Reebokrif
Peter Juthe	Munisipaliteit	

#### 3. VERKIESING VAN NUWE VOORSITTER

Raadsheer Kallie Smit word gevra om die proses te hanteer. Nominasies in alfabetiese volgorde ontvang:

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
	<p>Anton Dellelijn Dawid Erasmus Des Muller George Nezar Kruger de Wet</p> <p>Mnre Des Muller, Kruger de Wet en Dawid Erasmus stel hulself nie beskikbaar nie.</p> <p>By telling met opsteek van hande, word mnr Anton Dellelijn tot Voorsitter van die Komitee verkies. Mnr George Nezar in sy hoedanigheid as onder-voorsitter, word versoek om die vergadering te lei.</p> <p><b>4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING</b></p> <p>Voorgestel en gesekondeer deur mnre Frik Nel en Dawid Erasmus.</p> <p><b>5. AANVULLENDE AGENDA</b></p> <p><b>5.1 Kennisgewing vir publieke deelname – Voorgestelde konstruksie van Midbrak hoof rioolpylyn – Gedeelte langs N2</b></p> <p>Lede neem kennis van die berig wat in die Mosselbay Advertiser verskyn het. Haal af.</p> <p><b>5.2 Vakante poste – Fraaiuitsig, Reebok (onder spoor) en Reebokrif</b></p> <p>Fraaiuitsig: Lavinia Lunow – Voorgestel A Dellelijn Reebok (onder spoor): Johann Muller – Voorgestel A Dellelijn Reebokrif – Lede word versoek om 'n geskikte kandidaat te werf</p> <p><b>5.3 Elektrisiteit - Tariefstruktuur vir inwoners</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van moontlike verligting in die tariefstruktuur.</p> <p><b>5.4 Nuusbrief 2012</b></p> <p>Sal aan lede versprei word vir insette en/of kommentaar.</p> <p><b>6. ELEKTRISITEITSVOORSIENING IN DIE MIDBRAKGEBIED</b></p> <p>Mnre William Olivier – Bestuurder: Netwerkdienste en Nico de Bruyn – Superintendent: Elektries word aan die vergadering voorgestel.</p> <p><b>6.1</b> Die vergadering neem kennis van redes vir algemene kragonderbrekings die afgelope 3 maande. Mnr De Bruyn bevestig dat onderbrekings nie voorsien of voorkom kon word nie.</p> <p><b>6.2</b> Die vergadering neem ook kennis van die Munisipaliteit se beplanning vir opgradering van netwerke oor die volgende 3 jaar.</p>	<p>Kallie</p> <p>Dorothy</p>

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
6.3	Mnr Olivier onderneem om Riverside se laagspanningsprobleem te ondersoek. Op die meesterplan was geen voorsiening gemaak vir 2014/15 nie, maar sal dit ondersoek word.	W Olivier
6.4	Weens misdaad/inbrake in die omgewing word versoek dat gekyk word na beligting in Impalaweg (regoor erf 271). Mnr Olivier onderneem om te kyk of fondse beskikbaar is. Die item moet op die GOP geplaas word wat in Augustus sal plaasvind.	W Olivier
6.5	Buks vra dat beligting by Monte Christo ondersoek word.	W Olivier
6.6	In antwoord op Charl Coetzer se vraag oor onderberekings waar geen fout gevind kon word nie meld mnr De Bruyn dat as gevolg van die landelike gebied, tarentale, ape, ens. die oorsaak van onderbrekings was.	
6.7	<p>Johann Muller meld dat onakkurate inligting aan die publiek deurgegee word wanneer die Munisipaliteit gekontak word en versoek dat inligting wat aan publiek deurgegee word feitelik korrek moet wees. Raadsheer Smit meld dat die ingesteldheid van die Munisipaliteit is dat inligting korrek moet wees. Probleme met onakkurate inligting moet gerapporteer word sodat stappe geneem kan word om dit reg te stel.</p> <p>Anton stel voor dat kommunikasie ook deurgegee word aan sleutelpersone (Belastingbetalersvereniging, Wykskomiteede, Midbrak Buurtweg, ens) sodat hulle netwerke gebruik kan word om die boodskap deur te gee.</p> <p>Die Voorsitter versoek mnr Olivier om die saak te oorweeg en terugvoer te gee oor die werkbaarheid daarvan.</p> <p>Kallie vra dat kommunikasie kanale wat geskep is steeds benut word, maar dat die Munisipaliteit sal verseker dat korrekte inligting deurgegee word.</p>	Lede       W Olivier
6.8	Dawid Erasmus doen navraag oor kragonderbrekenings in die middel van die nag waar fluktuasies in krag is. Mnr De Bruyn bevestig dat dit slegs 'n noodmaatreël was en nou reggestel is.	
7.	<b>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</b>	
7.1	<p><b>Erf 264 en 271, Reebok – Terugvoer oor vordering</b></p> <p>Gibo meld dat die regsproses aan die gang is en bevestig dat daar weer publieke deelname sal wees na die regsproses. Sit op aktiwiteitslys.</p> <p>Die Burgemeester het gedurende Maart 2012 onderneem om terugvoer aan die Vereniging te gee. Skriftelike terugvoer oor die proses moet aan die Vereniging gegee word sodat dit op rekord geplaas word.</p>	Kallie / Gibo

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.2	<p><b>R102 - Versperring van sig by uitgange en inligtingstekens</b></p> <p>Die Vereniging is bewus dat Eden Distriksmunisipaliteit verantwoordelik is vir die R102. Die vergadering is egter van mening dat ons nie die terugvoer kry waarop ons gereken het nie.</p> <p>Tydens Mei 2012 se vergadering is versoek dat die Munisipaliteit sal reël dat Frik, mnr Ottervanger, mnr Viljoen en Gibo die gebied besoek om die probleme aan te spreek. Daarvan het niks gekom nie. Die versoek word dus weer gerig.</p> <p>Terugvoer van mnr Viljoen is dat die aangeleentheid met Provinsie opgeneem is en dat hulle van mening is dat daar geen versperring van uitsig is nie en dat sig dus voldoende is om aankomende verkeer waar te neem.</p> <p>Frik meld dat bosse nie die enigste probleem is nie, maar dat grondwalle by Wildeperskestraat ongelukke kan veroorsaak.</p> <p>Die vergadering neem kennis dat die aangeleentheid weekliks op die Dienstemoniteringsvergadering bespreek word, maar dat die Munisipaliteit nie by ander afdelings/rade se administrasie kan inmeng nie.</p> <p>Mondelinge terugvoer van mnr Ottervanger is dat die R102 moontlik teen Mei 2013 opgradeer sal word.</p>	Rozain / Gibo / Kallie
7.3	<p><b>Opgradering van Kusweg – Vorderingsverslag</b></p> <p>Die Munisipaliteit word gekomplementeer vir die goeie werk wat gedoen is. Haal af.</p>	
7.4	<p><b>Opgradering en skoonmaak van die Midbrakgebied</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van die Munisipaliteit se brief gedateer 4 November 2011, waarin onderneem word om 2 keer per jaar werkspanne te stuur om struike op sypaadjies terug te sny. Haal af.</p>	Dorothy
7.5	<p><b>Opknapping van tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)</b></p> <p>Geen positiewe terugvoer is van Departement Openbare Werke gekry volgens 'n antwoord van Heleine Potgieter nie. Sit op aktiwiteitslys vir oor 6 maande.</p> <p>Die vergadering spreek hulle kommer uit dat 'n fasiliteit wat vir belastingbetalers geskep is nou in gevaar is.</p>	
7.6	<p><b>Kontakbesonderhede van erf eienaars</b></p> <p>'n Berig is in die "Mossel Bay Advertiser" geplaas om vir 'n maand te verskyn. Lede word versoek om bure, ens. se kontakbesonderhede te kry vir opdatering van die databasis. Haal af.</p>	Lede

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.7	<p><b>Voorgestelde hersonering van landbougrond</b></p> <p>Besware wat ingedien is as deel van die omgewingsproses moet deur die Minister oorweeg word. Geen aansoek is by die Munisipaliteit ingedien nie.</p> <p>Oor gerugte dat Powertown se inwoners na die grond hervestig gaan word, bevestig Gibo die Raad se standpunt. Gibo onderneem om die Raad se standpunt in die volgende munisipale nuusbrief te bevestig.</p> <p>Die vergadering neem kennis dat indien appél aangeteken word teen besware wat ontvang is, sal beswaardes op 'n later stadium weer kans gegee word om beswaar/kommentaar te lewer. Daar sal dus weer 'n proses van publieke deelname wees. Haal af.</p>	Gibo
7.8	<p><b>Inligtingskantoor by Klein-Brakrivier</b></p> <p>Versoek is reeds 3 maande gelede ingedien. Rozain sal dringend navraag oor vordering doen.</p>	Rozain
7.9	<p><b>Aflewering van pamflette in die gebied deur die Munisipaliteit</b></p> <p>Gibo meld dat die Munisipaliteit pamflette met groot omsigtigheid aflewer by inwoners met posbusse. Die vergadering bevestig dat pamflette oor die Munisipaliteit se lasbestuursprojek in koeverte gedurende April in strate in die gebied opgetel is. Dit is 'n vermorsing van geld.</p>	Gibo
7.10	<p><b>Ongemagtigde bewoning van huise deur arbeiders van bouers</b></p> <p>Volgens 'n skrywe van mnr Jantjies gedateer 5 Junie 2012 is dit nie 'n oortreding van die Nasionale Wet op Bouregulasies nie. Die Vereniging stem egter nie daarmee saam nie omdat 'n dokument onderteken word by indiening van bouplanne dat dit nie sal gebeur nie. Die aangeleentheid word terug verwys na die Munisipaliteit. Sal tydens die volgende Dienstemoniteringsvergadering bespreek word.</p> <p>Kallie vra dat lede die Munisipaliteit per sms (37285) in kennis stel wanneer bouers reëls oortree sodat daar dringend teen hulle opgetree kan word.</p> <p>Die vergadering vra dat die nuwe bouinspekteur na die volgende vergadering genooi word.</p>	Rozain  Lede  Rozain
7.11	<p><b>Kleinbrak Estuariumplan</b></p> <p>'n Versoek word aan die Raadslid gerig dat hy met Vernon Gibbs Hall in verbinding tree en bevestig wanneer die Estauriumplan weer aandag gaan geniet.</p>	Gibo
7.12	<p><b>Powertown</b></p> <p>Raad se amptelike standpunt is steeds dat die verskuiwing na Hartenbos Landgoed nog van krag is. Sit op aktiwiteitslys.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
7.13	<p><b>Geraasbesoedeling op die N2 snelweg</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat SANRAL verskeie toetse gedoen het. Uitslag is nog nie beskikbaar nie. Ons kan niks verder aan die saak doen nie. Sit op aktiwiteitslys.</p>	
7.14	<p><b>Impalaweg</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van mnr Pieter Myburgh se skrywe dat Impalaweg gemoniteer word en sal wanneer nodig 'n tweede seellaag aangebring word. Sit op aktiwiteitslys</p> <p>Uit 'n veiligheidsoogpunt word versoek dat op die padoppervlak merktekens aangebring word.</p>	Rozain
7.15	<p><b>Rioolwerke by Sandhoogte</b></p> <p>Terugvoer uitstaande. Rozain sal weer 'n versoek aan die Dienstemoniteringsvergadering rig oor onaangename reuke in die omgewing van die rioolwerke.</p>	Rozain
8.	<p><b>PROJEKTE</b></p>	
8.1	<p><b>Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering</b></p> <p>Dank aan die Munisipaliteit vir spoedige optrede met herseel van gate in Impalastraat en die Sorgfonteinpad.</p>	
8.2	<p><b>Skoonmaak van erwe – deurlopend</b></p>	
8.2.1	<p>Rooiboklaan 80: Gee inligting deur aan bouinspekteur – skep nou 'n gevaar.</p>	Rozain
8.2.2	<p>Het 5 oorgroeide erwe deurgegee. Is 'n lang proses.</p>	
8.2.3	<p><b>Snoei van beskermende bome</b></p> <p>George het uitsluitel daarvoor gekry. Die regulasie maak onderskeid tussen beboude en onbeboude erwe. Beskermede bome op beboude erwe kan sonder permit tot 25% teruggesny word. Wanneer melkhoutbome op onbeboude erwe langs mekaar staan en raak, word dit as 'n bos beskou en mag dit nie gesnoei word. Gibo onderneem om die saak verder te ondersoek.</p>	Gibo
8.2.4	<p><b>Kangostraat (padreserwe) (verby Fraaiuitsig Spar)</b></p> <p>Houtpalette met klippe bo-op 'n mangat is onaanvaarbaar. Dawid het 'n skrywe aan die Munisipaliteit gerig wat dringend opgevolg moet word.</p>	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
8.3	<p><b>Ramp Risiko Verminderingsplan (Risk Reduction Plan)</b></p> <p>Die vergadering neem kennis van goeie vordering van die Rampbestuursforum met die voorgestelde Ramp Risiko Verminderingsplan.</p> <p>Terugvoerdatum vir insette is 31 Julie 2012 waarna 'n konsep verslag opgestel sal word vir voorlegging aan die Raad.</p> <p>Op George se vraag oor wat gebeur indien daar nou vloede is, meld Gibo dat ons gerus kan wees omdat Eden Distriksmunisipaliteit se streeksplan dan toegepas sal word. Die probleem is egter dat die Vereniging nie kennis dra van die Plan nie. Die Wet op Rampbestuur gee uitsluitel oor verantwoordelikhede.</p> <p>Na bespreking word besluit dat mnr Gerhard Otto uitgenooi word na 'n vergadering nadat die Ramp Risiko Verminderingsplan deur die Vereniging deurgewerk is sodat almal daarvan kennis neem. Gibo onderneem om mnr Otto vooraf in kennis te stel waaroor die vergadering sal gaan. Indien hy nie vergadering kan bywoon nie, sal Gibo vir ons terugvoer gee.</p>	Gibo
9.	<p><b>FINANSIES</b></p> <p>Saldo R19 574,51. Kontant voorhande R341,24</p>	Dorothy
10.	<p><b>POLISIËRING / BUURTWAG</b></p> <p>Op 2 Julie is twee Mosambiekers gearresteer. Een is positief verbind met vorige inbrake. Die eienaars van die huis op h/v Impala en Seester het 'n inbraak saak gemaak. Dank aan Powertown se buurtwaglede.</p> <p>Onwettige smouse moet gerapporteer word.</p>	Lede
11.	<p><b>BEWAREA</b></p> <p>Frik sal voortaan Voorsitter wees.</p>	
12.	<p><b>PLAASLIKE SAKE</b></p>	
12.1	<p><b>Fraaiuitsig</b></p> <p>Geen probleme nie.</p>	
12.2	<p><b>Klein-Brakrivier</b></p>	
12.2.1	<p><b><i>Herstel van chevron by T-aansluiting</i></b></p> <p>Is nog nie herstel nie. Lê nog op grond. 3de vergadering waar dit gerapporteer word.</p>	Rozain

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.2.2	<p><b><i>Verskuiwing van inligtingsborde</i></b></p> <p>Sal skuif wanneer inligtingskantoor in werking is. Haal af.</p>	
12.2.3	<p><b><i>Verwydering van bourommel in Beyerstraat</i></b></p> <p>Nog nie afgehandel nie. Erf nommer is foutiewelik deurgegee as Nommer 21 – erf 353. Moet wees nommer 22 – erf 353.</p>	Rozain
12.2.4	<p><b><i>Parkeerterrein naby Treinbrug in Beyersstraat</i></b></p> <p>Werk wat gedoen is na verspoeling van parkeerarea is nie netjies afgewerk nie. Parkeerplek is herstel, maar grondwal in ontoereikend en gaan weer verspoel.</p>	Rozain
12.2.5	<p><b><i>Erf 328, Klein-Brakrivier</i></b></p> <p>Persoonlike trap van eienaar na see is nog nie verwyder nie. Charl en Pieter word versoek om terug te rapporteer daaroor.</p>	Charl / Pieter
12.2.6	<p><b><i>Herstel van pad na hengelgebied / parkeerarea</i></b></p> <p>Die Munisipaliteit het werk gedoen om die probleem op te los maar die stormwater wat 'n sloot veroorsaak by die parkeerarea moet aangespreek word. Charl en Pieter word versoek om detail besonderhede aan Kallie te verskaf.</p>	Charl / Pieter Kallie
12.3	<p><b>Reebok</b></p>	
12.3.1	<p><b><i>Waterdruk</i></b></p> <p>Inwoners by Gordonialaan ondervind heelwat probleme. Dorothy word versoek om 'n afskrif van die Munisipaliteit se brief aan Buks te stuur. Haal af.</p> <p>Eric Louw hanteer die aangeleentheid. Is nie 'n waterdrukprobleem nie, maar aanpak van pype wat gedurende 2012/13 aandag sal geniet. Haal af.</p>	Dorothy
12.4	<p><b>Reebokhoogte</b></p> <p>Geen probleme nie.</p>	
12.5	<p><b>Rebokrif</b></p> <p>Geen verslaggewing nie.</p>	
12.6	<p><b>Riverside</b></p>	
12.6.1	<p><b><i>Afkamping van visvanggebied</i></b></p> <p>Geen nuwe inligting beskikbaar nie. Die vergadering neem kennis dat 'n skrywe voorheen aan die Munisipaliteit gestuur is en dat voorgestel is dat die area afgekamp word, die hek gesluit word en dat 'n sleutel aan inwoners gegee word. Kan nie goedgekeurde openbare ontspanningsfasiliteite hê sonder ablusiegeriewe nie nie.</p>	



ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
12.6.2	<p><b>Omheining van speelpark</b></p> <p>Sien 10.6.1.</p>	Gibo / Kallie
12.6.3	<p><b>Tydlike toilette by rugbyveld en ontspanningsarea</b></p> <p>Geen terugvoer is ontvang op ons skrywe van 14 Junie 2012 aan die Munisipale Bestuurder nie. 'n Opvolgskrywe sal gestuur word.</p>	Dorothy / Rozain
12.7	<p><b>Tergniet</b></p>	
12.7.1	<p><b>Swart sakke</b></p> <p>Die vergadering neem kennis dat die Munisipaliteit om verskoning gevra het vir swart sakke wat op dakke geland het.</p> <p>Dawid vra dat die Munisipaliteit 'n meer koste effektiewe manier ondersoek vir uitdeel van sakke. Die vergadering is egter van mening dat dit 'n logistiese probleem is en dat 'n publieke deelname proses gevolg sal moet word indien dit verander word. Haal af.</p>	
12.7.2	<p><b>Aanbring van padoppervlak streep by 9de Laan</b></p> <p>Die Munisipaliteit word versoek om 'n soliede streep in die middel van die pad te trek.</p>	Rozain
12.7.3	<p><b>Spooroorgang by Charles Kuhnstraat</b></p> <p>Opvulling tussen die twee spoorstawe word gevra aangesien motors beskadig. Gibo meld dat dit in die spoorweg reserwe val maar sal kyk of die Munisipaliteit iets aan die saak kan doen.</p>	Gibo
12.8	<p><b>Tergniethoogte</b></p>	
12.8.1	<p><b>Vullishouers</b></p> <p>Houtkas in Kusweg is gebou, maar die houers is nog nie aangebring nie. Kallie bevestig dat dit gedoen sal word en dat die houer by die bushalte in Fraaiuitsig ook nog onafgehandel is. Die houers is slegs vir kombuisafval. Haal af.</p>	Kallie
13.	<p><b>KORRESPONDENSIE</b></p>	
13.1	<p>Bedankingsbriewe van mnre Jaco Hefer en Martin Smith.</p>	
14.	<p><b>VOLGENDE VERGADERING</b></p> <p>Die volgende vergadering sal plaasvind op Dinsdag, 7 Augustus 2012 - 14:00 in die Reebok Gemeenskapsaal.</p>	

ITEM	BESPREKING / BESLUIT	VERANT- WOORDELIK
15.	<p><b>VERDAGING</b></p> <p>Die vergadering verdaag 17:00.</p> <p>DOROTHY BARNARD <b>NOTULEERDER</b></p> <p>GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 7/2012 GEHOU OP 7 AUGUSTUS 2012.</p> <p>ANTON DELLEMIJN <b>VOORSITTER</b></p>	